

Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, oftewel Protection of Personal Information (POPIA)

Agtergrond

Die beskerming van persoonlike inligting is nou meer as ooit noodsaaklik omdat die ontwikkeling van die elektronika die risiko nog groter maak dat dit misbruik kan word en mense se privaatheid geskend kan word.

Die sg. POPIA-wet is van toepassing op enige instansie, maatskappy of organisasie wat op een of ander wyse persoonlike inligting prosessee. Die Wet geld dus ook vir die NG Gemeente Danabaai. Vir die vereistes van die wet is die Kerkraad, die verantwoordelike persoon om toe te sien dat die gemeente aan die wetlike vereistes voldoen.

Die prosessering van inligting word baie wyd deur die Wet gedefinieer. In terme van POPIA beteken prosessering van inligting enige aksie of aktiwiteit (meganies, outomaties of elektronies) wat die volgende insluit, maar nie daartoe beperk is nie: versameling, ontvangs, opname, organisering, berging, opdatering, herwinning, verspreiding, samesmelting, vernietiging en uitwissing van data.

Inligting op die gemeente se stelsel

Om aan die vereistes van die wet te voldoen, moet die Kerkraad verlof kry van almal in sy adres-databasis om die inligting wat deur hulle verskaf is, te mag stoor en te gebruik in die bedryf van die gemeente vir so lank as wat die gemeente in gebruik is.

Hierdie inligting word deur die Kerkraad elektronies gestoor en geïnkripteer en met 'n wagwoord beveilig. Die skriba is ook die enigste persoon wat toegang tot die inligting het. Dit word vir die uitsluitlike doel van kommunikasie met die gemeentelide gebruik en sal nooit met enige ander persoon of instansie gedeel word nie. Die inligting sal dus op geen manier op die privaatheid van die intekenaar inbreuk maak nie.

Toestemming

Ten einde aan die vereistes van die wet te voldoen, is dit nodig dat elke lidmaat toestemming moet gee dat sy of haar data soos hierbo genoem, deur die Kerkraad gestoor kan word. Lidmate het ook die reg om navraag te doen oor watter inligting van hom of haar op die gemeente se stelsel gestoor word, en kan versoek dat regstellings gemaak word of dat die inligting geskrap moet word.

Wat jy moet doen

Indien jy gemaklik daarmee is dat jou inligting veilig is by die Kerkkantoor, hoef jy niks te doen nie. Die Kerkraad sal dan aanvaar dat jy stilswyend toestemming gee dat jou inligting gestoor en gebruik word vir die uitsluitlike doel van gemeente administrasie.

Ds. Wehan Geldenhuys
Voorsitter van die Kerkraad